IP Nr. 24-AF

# Geldsake

## Selfonderhoud in NA



"Elke NA-groep behoort…"

# "…ten volle selfonderhoudend [te wees] en bydraes van buite te weier." – Tradisie Sewe

'n Storie word vertel van hoe daar in die vroeë dae van Narkotika Anoniem gesien is dat een van ons stigterslede deur die rommel buitekant die NA-dienskantoor krap. Toe hy gevra is wat hy doen, het hy geantwoord dat hy na bottels soek om in te ruil sodat hy posgeld kan bekostig om 'n brief van 'n NA-lid in Alaska te beantwoord. Elke NA-dienskomitee het sekerlik al hierdie eenvoudige realiteit op die een of ander tyd teëgekom: Die individuele pogings van ons lede kan baie help, maar gewilligheid alleen kan nie 'n brief van Kalifornië na Alaska, Brussel, St. Petersburg, Tehran of Dubai stuur nie.

Hierdie storie illustreer twee soorte bydraes soos beskryf deur ons Sewende Tradisie. Aan die een kant skenk ons ons tyd en aandag: daag gereeld by vergaderings op, neem deel aan die vergadering en deel met nuwelinge wanneer ons ook al kan. Ons verwagtinge en intensies is belangrik, maar dit wat ons *doen*, is wat saak maak. Ons raak betrokke by borgskap en diens. Ons gee vrylik van onsself sonder om iets in ruil te verwag. Om ons dankbaarheid oor te sit in dade deur Narkotika Anoniem te ondersteun, gee ware betekenis aan ons oortuiging dat "ons hou wat ons het slegs deur dit weg te gee."

> "Ons verwagtinge en intensies is belangrik, maar dit wat ons doen, is wat saak maak."

Aan die ander kant gee ons geld om te help betaal vir die dienste wat NA lewendig hou en laat groei. Al twee hierdie soorte bydraes is belangrik – om die waarheid te sê, die meeste lede dra tyd, energie en geld by – maar in hierdie pamflet fokus ons hoofsaaklik op vrywillige finansiële bydraes. Ons groepe stuur 'n mandjie, sakkie,

hoed, boks of skinkbord om op een of ander stadium van elke vergadering sodat lede geld kan gee.[1] Die geld wat ons in die mandjie sit, laat ons groepe die deure oophou en 'n vriendelike atmosfeer van herstel skep vir die senuweeagtige nuweling in die parkeerarea wat wik en weeg om na die vergadering toe in te kom of nie. Die geld wat ons diensstruktuur bereik, help dienste ondersteun wat ander verslaafdes, in ons eie gemeenskappe en oor die hele wêreld, inlig dat hoop beskikbaar is. Net soos ons eie persoonlike uitgawes soos huur, kos, ensovoorts van jaar tot jaar styg, styg die bedrag geld wat nodig is om hierdie basiese dienste te finansier ook gedurig, veral soos NA groei en soos ons addisionele maniere soek om verslaafdes te bereik.

Ons mag agterkom dat sommige lede 'n bietjie meer of 'n bietjie minder as ander gee en wonder of ons die "regte" bedrag gee. Om ons regmatige deel te gee, beteken nie dat almal dieselfde bedrag skenk nie, dit beteken dat elkeen van ons gee wat ons kan, gebaseer op wat ons het. Wanneer ons lewens verbeter as gevolg van ons herstel, vind ons dikwels dat ons kan bekostig om meer te gee. Miskien voel ons ongemaklik wanneer ons agterkom dat die koeldrank of versnapering twee of drie keer meer kos as die bedrag wat ons in die mandjie sit. Nadat ons nagedink het oor wat die waardevolste vir ons is, besluit ons gewoonlik om meer in die mandjie te sit wanneer ons kan. Of ons nou meer of minder het, om aan ons diensstruktuur te gee, is 'n daad van geloof wat ons help om sommige van ons vrese te laat vaar. Deur dit te doen, kan ons daaraan herinner dat, solank daar vir ons geestelike behoeftes gesorg word, ons daaglikse bestaansprobleme verminder word tot ons gemaklik is. Ons glo dat 'n Mag groter as onsself deur ons gesamentlike gewete uitgedruk sal word.

1 In herdie IP, sal ons die term "mandjie" gebruik om te verwys na enige metode wat ons groep mag gebruik om bydraes in te samel.



## "…om ons hoofdoel te bevorder…" – Elfde Begrip

'n Sin wat gereeld aangehaal word uit die Basiese Teks lui: "Die nuweling is die belangrikste persoon by enige vergadering, want ons kan slegs hou wat ons het deur dit weg te gee." Ons groepe stel hierdie idee op vele verskillende maniere in werking. Nadat 'n vergadering verby is, byvoorbeeld, gesels 'n nuweling met 'n paar tuisgroeplede en een van die tuisgroeplede vra dan of die nuweling 'n Basiese Teks het. Die nuweling mag dalk antwoord deur te vra hoeveel die boek kos of deur te sê: "Ek kan dalk volgende week 'n boek koop." Die ander lede glimlag en maak seker dat die nuweling die vergadering met 'n boek verlaat. Die nuweling noem iets omtrent hulle terugbetaal en die antwoord is eenvoudig: "Hou net aan terugkom sodat jy ook een van die dae vir 'n nuweling 'n boek kan koop."

> "Die nuweling is die belangrikste persoon by enige vergadering, want ons kan slegs hou wat ons het deur dit weg te gee."

Om selfonderhoud in NA toe te pas, beteken nie net dat elkeen van ons ons eie onkoste dek nie; ons betaal NA terug, nie net deur vir onsself te sorg nie, maar deur 'n weg te baan vir die nuweling om herstel te vind. Baie van ons het al gehoor hoe daar gedeel word in vergaderings dat "al bly ek vir 'n honderd jaar skoon, sal ek nooit vir NA kan terugbetaal vir die vryheid wat ek hier gegee is nie." Al wat ons in ons verslawing gedoen het, was om te neem, wat ons leeg gelaat het. In NA leer ons om te gee en ons vind dat om te gee, ons vervul. Aanvanklik het baie van ons verplig gevoel om terug te gee wat so vrylik aan ons gegee is, maar mettertyd het ons gemotiveerd geraak deur 'n meer vooruitskouende begeerte om by te dra soos ons begin het om die groter prentjie te sien van wat NA kan wees en doen.

NA-lede wat voor ons gekom het, het seker gemaak ons het ons pad hierheen gevind. Hulle het die deure van die vergaderings oopgehou, geld in die mandjie gesit om te betaal vir 'n telefoondiens en plakkate, en het literatuur en panele in fasiliteite in geneem om die NA-boodskap te deel. Nou het ons die geleentheid sowel as die verantwoordelikheid om vir ander verslaafdes die kans te gee om ons boodskap te hoor. Ons finansiële bydraes help om vir dienste op elke vlak te betaal: plaaslike pogings om die boodskap uit te dra, streeksondersteuning en -dienste aan gebiede, en wêrelddienste, wat nie net bestaande gemeenskappe ondersteun nie, maar ook werk om NA in ander gemeenskappe beskikbaar te stel. Vertalingsdienste, gratis of gesubsidieerde literatuur, genootskapsontwikkelingswerkswinkels – al hierdie dienste word namens NA as 'n geheel gelewer om ons boodskap wêreldwyd aan die steeds lydende verslaafde beskikbaar te stel.

Die meeste van ons voel 'n sekere mate van eienaarskap en verantwoordelik vir dienste wat namens NA aangebied word. Om ons tyd en geld by te dra tot NA gee ons 'n geleentheid om daardie gevoel op 'n konkrete manier te openbaar en versterk ons geestelike verbintenis tot die diensstruktuur en die program. Die Tweede Begrip herinner ons daaraan dat "Die finale verantwoordelikheid en gesag vir NA-dienste rus met die NA groepe." Ons kon byvoorbeeld na 'n vergadering gegaan het waar die mandjie twee keer omgegaan het omdat daar nie genoeg ingesamel is om die huur te betaal ná die eerste keer nie, net om te sien hoe lede die tweede keer meer skenk. Die meeste van ons is gewillig om meer te gee wanneer daar 'n duidelike verbintenis tussen die geld wat ons in die mandjie sit en NA se behoeftes is. NA behoort tog op die ou end aan ons en NA se welstand hang van ons pogings af. Ons begin besef dat ons nie hoef te wag totdat 'n gedeelte van die diensstruktuur ly voor ons begin bydra nie.

Daar is 'n geestelike bevrediging daaraan verbonde om vrywillig te gee om die genootskap te ondersteun wat ons lewens gered het. Ons gee wat ons kan, wetend dat ons bydraes deel word van 'n wêreldwye poging om herstel te deel.

## Hier is 'n paar vrae wat ons onsself kan afvra oor hoe ons finansieel tot NA bydra.

- Hoeveel het ons in die geldmandjie in ons eerste dertig dae skoon gesit? Eerste jaar? Nou?
- Hoe het ons finansiële omstandighede verander vandat ons skoongeraak het?
- Weerspieël die manier hoe ons geld spandeer dit wat vir ons kosbaar is?
- Het ons NA-groepe die geld wat hulle nodig het om vlot te funksioneer? Kan ons groep tot ander vlakke van diens bydra?
- Wat kan nog gedoen word om ons hoofdoel op elke vlak van diens te bevorder?
- Wat kan ons nog doen om ander te help, soos ons deur NA gehelp is?


# "…en moet verantwoordelik bestuur word."

– Elfde Begrip

Ons het op die een of ander tyd op elke vlak van diens in NA voor die uitdaging te staan gekom om ons werk met beperkte fondse uit te voer. Die Narkotika Anoniem diensstruktuur sien byvoorbeeld uit na die konvensie om geld in te bring om reserwes aan te vul. Maar die weer raak so sleg dat byna niemand kan reis nie en die konvensie vorder veel minder geld in as wat verwag is. Teen die tyd wat die hotel en ander uitgawes betaal is, het die konvensie geld verloor. As gevolg daarvan word reserwes nie aangevul nie, literatuurbestellings sal moontlik besnoei word, of minder vergaderingslyste sal gedruk word. Vertroude dienaars stry oor hoe die situasie beter hanteer kon word of oor hoe om die bietjie geld wat oorbly te gebruik. Dit mag maande of selfs jare neem om van so 'n verlies te herstel.

Hierdie scenario gee aanleiding tot vrae omtrent sowel die bronne van NA-fondse as die verantwoordelike bestuur van daardie fondse. Die geld wat vir ons dienste betaal, kom van bydraes wat vrylik gegee is deur ons lede, asook inkomste van ons eie pogings soos byeenkomste, handelsware en literatuurverkope. Daar is egter 'n tydstip wanneer hierdie pogings kan begin afdwaal van ons basiese beginsel van verslaafdes wat vrylik ander verslaafdes help. In ons geesdrif en kreatiwiteit het ons soms idees vir byeenkomste of fondsinsamelings wat baie min of niks te doen het met ons hoofdoel nie en daarom sal dit nie vir ons geskik wees nie. Ons kan dit deur middel van groepsgewete begin uitsorteer en sodoende 'n behoorlike balans bereik.

Ons mag met 'n stabiele, betroubare vloei van donasies minder gereeld met hierdie tipe situasies te doen hê. Ons dienskomitees sal dan meer praktiese, realistiese begrotings kan ontwikkel en meer betroubare en doeltreffende dienste kan voorsien om ons boodskap meer beskikbaar te maak. Wanneer ons genoeg geld bydra in ons groepe en ons groepe direk tot elke diensvlak bydra, stabiliseer ons ons dienste en kan ons dienste 'n meer betroubare teenwoordigheid in ons gemeenskappe word. Die vermoë van ons dienskomitees om planne te beraam en deur te voer, hoef nie van faktore buite ons beheer, soos hoeveel mense ons byeenkomste bywoon of ons T-hemde koop, af te hang nie. As ons byeenkomste vry is van die druk om groot bedrae geld te genereer, kan ons byeenkomste gefokus bly op die vier van herstel en die deel van ons boodskap.




Maar die stabiliteit van ons hulpbronne is slegs 'n gedeelte van die storie. Om te sorg vir wat ons het is ook 'n belangrike deel van selfonderhoudend wees in NA. Ons hulpbronne is beperk, dus moet hulle verantwoordelik gebruik word. Indien ons wil hê ons dienstruktuur moet suksesvol wees, moet ons dit voorsien van die geld wat nodig is om die werk te verrig, sowel as die tyd en energie om dit moontlik te maak. Die geld wat ons na die diensstruktuur aanstuur, behoort nie aan enige spesifieke komitee nie, dit behoort aan

NA. Ons begrippe herinner ons daaraan dat: "Wanneer elke vlak van ons diensstruktuur direkte finansiële ondersteuning ontvang van die groepe, word die bande van wedersydse verantwoordelikheid versterk tussen hulle." (Elfde Begrip essay) As lede is dit ons werk om seker te maak dat die geld wat ons bydra verantwoordelik gebruik word: om ons behoeftes te prioritiseer, kostebesparende metodes vir dienslewering te soek, vertroude dienaars wat bekwaam en gekwalifiseerd is uit te kies, aan te dring op aanspreeklikheid deur duidelike finansiële verslae, en deur ons groepe en komitees aan te moedig om nie aan groot bedrae geld vas te hou nie. Ons Elfde Begrip bespreek die belangrikheid van die verantwoordelike gebruik van NA-fondse. Wanneer ons ons verantwoordelikhede as lede uitoefen, versterk ons die bande wat ons saambind. Ons sien ons bydraes maak 'n verskil en ons bly in voeling met of ons diensstruktuur beskik oor dit wat dit nodig het om te funksioneer of nie.

Laastens verseker die beginsel van selfonderhoudend wees in Narkotika Anoniem, soos uitgedruk in ons Sewende Tradisie, ons vermoë om ons boodskap op ons eie voorwaardes oor te dra. Ons Tweede Begrip essay definieer duidelik die verantwoordelikheid om dienste te befonds wat ons hoofdoel bevorder: "Aangesien die groepe die diensstruktuur geskep het om sekere dienste te verrig, is die groepe ook daarvoor verantwoordelik om die nodige fondse te voorsien." Ons groepe befonds ons dienste op alle vlakke sodat ons vry kan bly van eksterne invloede en beheer. Ons aanvaar geen skenkings van buite NA nie, want alles kom teen 'n prys.

Selfonderhoudend wees in NA behels om te sorg vir die gawe wat aan ons gegee is, vryheid van aktiewe verslawing en die geleentheid vir 'n nuwe manier van lewe.

> "Saam kan ons help verseker dat herstel beskikbaar is aan elke verslaafde wat verligting van die nagmerrie van verslawing soek."

## Maniere om by te dra

- Woon 'n vergadering by en verwelkom 'n nuweling!
- Vee die vloer, pak die stoele weg of neem die rommel uit. Wanneer ons die vergaderingslokaal verlaat, behoort dit so skoon of selfs skoner te wees as toe ons opgedaag het.
- Gee jou tyd en energie as diens aan die groep of gee enige goedere en voorraad wat jou groepe of dienskomitees mag nodig hê.
- Gee geld by die vergaderings wat jy bywoon. Onthou, of dit nou dollars, ponde, euros of enige ander tipe geldeenheid is, dit kan nie vandag soveel koop as wat dit vantevore kon nie.
- Maak met skoontyd bydraes van geld of literatuur aan jou tuisgroep, of bydraes vir elke skoon jaar aan NAWD, of albei.
- Lewer regstreeks 'n bydrae tot elke vlak van diens.
- Skeduleer outomaties herhalende bydraes aan NA-Wêrelddienste deur **www.na.org** te besoek.
- Sommige lede tref reëlings om 'n spesifieke bedrag geld aan NA in hulle testament na te laat of maak 'n finansiële bydrae ter nagedagtenis van 'n oorlede lid.
- Wees van diens.

*Sien IP Nr. 28,* Befondsing van NA-dienste, *vir inligting oor hoe groepe die geld wat tydens vergaderings ingesamel word, gebruik.*

Copyright © 2022 by
Narcotics Anonymous World Services, Inc.
Alle regte voorbehou

World Service Office
PO Box 9999
Van Nuys, CA 91409 USA
TEL (818) 773-9999
FAX (818) 700-0700
WEB www.na.org

World Service Office–Canada
Mississauga, Ontario

World Service Office–Europe
Brussels, Belgium
TEL +32/2/646-6012
WEB www.na.org

World Service Office–Iran
Tehran, Iran
WEB www.wsoiran.org

Dit is 'n vertaling van literatuur wat deur die NA-Genootskap goedgekeur is.

Narcotics Anonymous, , , ,
en The NA Way is geregistreerde handelsmerke van Narcotics Anonymous World Services, Incorporated.

ISBN 9781633803787 • Afrikaans • 12 /22

WSO Catalog Item No. AF3124